# MONNIE GONS
## *Monnies Presteer*
Uitgawe 8 van 2024 | Tydperk: 7 - 13 Maart

**TENNISLIGA KWARTAAL 1 2024**

Baie geluk aan elke speler en span met julle uitslae van 26 Februarie. Ons is trots op julle. Dankie dat julle elke week so getrou oefen.

| Span | Liga | Opponent |
|---|---|---|
| Seuns Oop B | L/s Wierdapark | Wen 28 - 27 |
| Seuns Oop C | Southdowns | Verloor |
| Seuns o/11 A | L/s Hennopspark | Wen 44 - 11 |
| Seuns o/11 B | L/s Anton van Wouw I | Verloor |
| Dogters Oop A | L/s Pretoria- Oos | Verloor |

## ATLETIEK

Baie sterkte aan Monnies se drie distriksatlete wat hierdie naweek aan die Gauteng kampioenskappe deelneem. Doen jul bes Monnies! Ons is vreeslik trots op julle.

Baie geluk aan Jannes Barnard wat aangewys is as die beste veldatleet tydens die Cluster atletiekbyeenkoms.






## STOEI

Daniel Müller het op Saterdag, 2 Maart aan die Frank Joubert stoei kompetisie deelgeneem en 'n 2de plek behaal vir o/13 in sy gewig groep.



## SWEM

Jenna van Eeden, graad 7, neem die week 15 - 19 Maart 2024 aan Suid Afrikaans Nasionale Junior Kampioenskappe in Durban deel. Baie sterkte Jenna.



## GHOLF

Leja Joubert het  2 en 3 Maart aan Waterkloof Gholf Klub se Dames Klub Kampioenskap deelgeneem. Sy was die jongste speler in die toernooi en het sewende uit 15 volwasse dames in die C divisie geëindig. Sy het ook die trofee gewen vir die beste "Nett Score" in die junior divisie.

